

JUNIE: God se vernuwingstroos werk deur die Heilige Gees

Maandag **24 Junie**

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:16 (AFR2020)

Die bede om deur die Gees versterk te word, is 'n vertroosting

Die toestand van die kerk kan 'n mens soms moedeloos maak. Daarom moet ons bid vir die kerk.

Dit is wat Paulus gedoen het. Nadat hy in Efesiërs 3:14 vir die gelowiges gesê het dat hulle nie moedeloos moet word as gevolg van sy verdrukking ter wille van hulle nie, sê hy in Efesiërs 3:15: "Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader ..."

Paulus se gebed is 'n stem van vertroosting vir die kerk. Hy bid dat God na die rykdom van sy heerlijkheid aan hulle die seëninge sal gee wat hulle geestelik sal verryk en dat aan Hom, wat die mag het om in en deur sy kerk baie meer te doen as wat ons besef, al die eer en heerlijkheid toekom.

Die eerste seëning waarvoor Paulus bid, is "om deur sy Gees met krag na die innerlike mens versterk te word" (Ef. 3:16). Innerlike krag is baie belangrik. Innerlike krag is nodig vir heiligmaking. Innerlike vernuwing is nodig om vernuwe te word na die beeld van Christus. Innerlike opregtheid is nodig vir uiterlike opregtheid.

Innerlike krag word deur die Heilige Gees aan ons gegee. Daarom kan en moet ons bid om deur God se Gees met krag na die innerlike mens versterk te word. Wanneer ons dit bid, het ons die troos dat God inderdaad sy Gees aan ons sal gee (Luk. 11:13).

Die bede om deur die Gees versterk te word, lei tot verdere seëninge, naamlik dat Christus in ons woon terwyl ons in die liefde gewortel en gegrond is (Ef. 3:17), dat ons besef hoe onmeetbaar groot die liefde van Christus is en dit sal ken (Ef. 3:18-19) en dat ons gevul word met al die volheid van God (Ef. 3:19). Dit is alles vir ons 'n vertroosting.

Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)